

HOOFSTUK 6

ONDERWYSERSOPLEIDING EN PERSONEELVOORSIENING IN DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES

6.1 INLEIDING

Met inagneming van die eise wat die swaksiende aan die opvoeding en onderwys stel sal daar in die onderhawige hoofstuk gelet word op die opleidingsprogram vir onderwysers in skole vir swaksiendes.

Daar sal in die besonder aangetoon word op welke onlangse stadium daar eers in die R.S.A. voorsiening gemaak is vir 'n spesiale opleidingsprogram vir onderwysers ten einde hulle die nodige ortopedagogiese en ortodidaktiese geskooldeheid te gee om beter in staat te wees om die swaksiende leerling die besondere hulp en steun te verleen om sy persoonlike, psigologiese, maatskaplike en skolastiese probleme die hoof te bied.

Daar sal vervolgens kortliks op die inhoudelike van enkele opleidingsprogramme vir onderwysers vir swaksiendes gelet word sowel as die kwota van onderwyserstoekenning aan skole vir swaksiendes in die R.S.A.

Ten einde die aangeleentheid van personeelopleiding en personeelvoorsiening vir die onderwys van swaksiendes in die R.S.A. beter te kan evalueer, sal daar vervolgens ook op die oorsese situasie in die verband gelet word. Daar sal veral vasgestel word welke spesiale opleiding onderwysers ontvang - benewens die normale onderwysersopleiding - sodat hulle in staat gestel word om aan die besondere opvoedkundige en skolastiese eise wat die swaksiende stel, te kan voldoen. Ten slotte sal daar aan die einde van die hoofstuk ook 'n kritiese samevatting gegee word.

6.2 ONDERWYSERSOPLEIDINGSPROGRAM VIR DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES IN DIE R.S.A.

6.2.1 Die totstandkoming van 'n opleidingsprogram vir onderwysers van swaksiendes

Na die totstandkoming van die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria in 1963¹ is die behoefte aan opleidingsfasiliteite vir onderwysers van swaksiendes sterk aangevoel. Die enigste opleidingsprogram vir onderwysers vir gesigsgestremdes wat op daardie stadium bestaan het, was die een wat sedert 1948 as 'n in-diens-opleiding aan die Skool vir Blindes te Worcester ingestel was.²

Die opleidingskursusse is van tyd tot tyd deur die skoolhoof en senior personeellede van die skool aangebied. Ofskoon die destydse Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, onder wie se beheer die skool geressorteer het, waardeering betuig het vir hierdie waardevolle diens wat die skool gelewer het, het nóg die sertifikaat wat deur die skool uitgereik is, nóg die kursus self enige amptelike erkenning van die Departement geniet.³

Op die Eerste Konferensie van hoofde en onderwysers in skole vir blindes en swaksiendes wat van 7 tot 10 April 1964 deur die Skool vir Blindes te Worcester saamgeroep is, word die aangeleentheid van onderwysersopleiding deur die Konferensie onder oënskou geneem en word die volgende besluit met betrekking tot die aangeleentheid eenparig aangeneem:⁴

"a. Die instelling van 'n opleidingskursus vir onderwysers van blinde en swaksiende kinders word algemeen as 'n dringende behoefte gevoel.

-
1. Kyk hoofstuk 3.
 2. Verslag van die Voortsettingskomitee. Tweede Konferensie van Onderwysers in skole vir blindes en swaksiendes, 1966, p.130.
 3. Loc.cit.
 4. Konferensie oor die Onderwys van Blindes en Swaksiendes, 7 tot 10 April 1964, pp.197-198.

"b. Daar is kennis geneem van die omvang en verskeidenheid van die veld en die volgende moet in aanmerking geneem word:

- (i) Daar moet vir beide amptelike taalgroepe voorsiening gemaak word.
- (ii) Die opleidingsgeriewe moet vir al die betrokke rasse-groepe in ons land toeganklik wees.
- (iii) Daar moet voorsiening gemaak word vir die opleiding van kandidate met 'n verskeidenheid van akademiese en professionele kwalifikasies.
- (iv) Die opleiding moet op nasionale vlak aangebied word en kan dus slegs by die Universiteit van Suid-Afrika geskied.
- (v) Derhalwe wens die Konferensie 'n beleefde, dog dringende versoek tot die Universiteit van Suid-Afrika te rig om die instelling van sodanige kursus ernstig te oorweeg."

Die Konferensie doen ook 'n beroep op die verskillende Staatsdepartemente wat by die aangeleentheid betrokke is, sowel as instansies soos die Bestuur van die Skool vir Blindes te Worcester, Die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys en die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Blindes, om hulle heelhartige steun aan hierdie voorstelle te verleen.

Die besluit van die Konferensie is deur die Voortsettingskomitee aan verteenwoordigers van die Universiteit van Suid-Afrika oorgedra wat die versoek gunstig ontvang het. 'n Voltydse dosent is vir die doel aangestel en in die begin van 1966 is die Diploma in Buitengewone Onderwys (D.B.O.) in die Fakulteit van Opvoedkunde ingestel met spesialisering in drie rigtings, te wete, gesigsgestremdes, gehoorgestremdes en neurologies gestremdes.⁵

Met die instelling van hierdie diploma word diensdoende onderwysers in alle spesiale skole in staat gestel om 'n erkende bykomstige professionele kwalifikasie te verwerf wat

5. Ibid., p.129.

spesifiek voorsiening maak vir skoling in die besondere kategorie van die buitengewone onderwys.

Met die oog op die handhawing van die status van die onderwysberoep word daar hoë eise gestel in verband met genoemde Diploma. Om toelating tot die kursus te verkry word dit verwag dat kandidate reeds in besit van 'n professionele onderwysertifikaat moet wees.⁶ Personeel aan skole vir buitengewone onderwys wat nie onderwyskwalifikasies besit nie, byvoorbeeld onderwyser-sielkundiges, terapeute en so meer, kan ook die kursus volg indien hulle akademiese kwalifikasies na die oordeel van die Senaat as gelykwaardig met 'n onderwysertifikaat beskou kan word.⁷ Hulle moet verder ook minstens twee jaar ondervinding in 'n gewone skool of een jaar in 'n spesiale skool gehad het.

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap het daadelik besluit om die Diploma vir Buitengewone Onderwys vir salarisdoeleindes te erken en ander onderwysdepartemente het met verloop van tyd soortgelyke besluite geneem.⁸

6.2.2 Die inhoud van die opleidingsprogram vir onderwysers van gesigsgestremdes

6.2.2.1 Diploma in Buitengewone Onderwys

Die kursus wat op die Diploma in Buitengewone Onderwys uitloop, strek oor twee jaar en skoolhoofde word deur die universiteit versoek om sesmaandelikse verslae oor die praktiese onderwys van kandidate aan die universiteit voor te lê.

Kursusse wat deur die kandidaat gedurende die opleiding voltooi moet word, sluit die volgende in:

1. Fisiologies-mediëse aspekte van die gestremde kind.
2. Geskiedenis van onderwys vir gesigsgestremdes.
3. Sielkundige aspekte van die gesigsgestremde kind.
4. Ortodidaktiek.
5. 'n Praktikum-gedeelte wat deur die kandidaat afgelê moet word.

6. Ibid., p.130.

7. Loc.cit.

8. Loc.cit.

6.2.2.1.1 Fisiologies-mediiese aspekte van die gesigsgestremde kind ⁹

Hierdie kursus is in die opleiding ingesluit, omdat die onderwys aan die swaksiende kind beide 'n mediese en opvoedkundige grondslag het en albei hierdie dissiplines in die onderwysprogram betrek word. Die besondere oogkondisie van die swaksiende kind bepaal in 'n groot mate die metodiek wat in sy onderwys toegepas word.

Met die bespreking van die mediese dienste aan die skool vir swaksiendes¹⁰ is daarop gewys dat daar 'n besondere skakeling tussen die oftalmoloog en die onderwysers bestaan. Vir hierdie kommunikasie is dit noodsaaklik dat die onderwyser ook die taal van die medikus sal verstaan.

Anders as in die geval van die onderwys van blinde kinders, wat almal van braille as onderwysmedium gebruik maak, moet die onderwyser van die swaksiende die nodige mediese kennis hê van die verskillende oogkondisies om te weet hoe kinders met byvoorbeeld nystagmus, makulêre degenerasie, miopie, hiperopie, fotofobie en so meer in die klassituasie hanteer moet word.

Die kursus gee 'n besondere goeie oorsig aan die student van die algemene struktuur en funksies van die oog, refraksie, refraksiefoute, korreksie van refraksiefoute, oogsiektes en gesigsversteurings, voorkoming van blindheid en 'n glossarium met beknopte verklarings.¹¹

6.2.2.1.2 Geskiedenis van onderwys vir die gesigsgestremdes

Hierdie kursus wat in die D.B.O. ingesluit is, gee aan die kandidaat 'n historiese oorsig van die voorkoms van gesigsgestremdheid, in besonder blindheid, sedert die Egiptiese beskawing tot die moderne tyd. Fasette in die geskiedenis van gesigsgestremdheid wat pertinent toegelig word, sluit onder

9. Universiteit van S.A. Kursus D.B.O. (vraestel 2).
10. Kyk hoofstuk 5.

11. Universiteit van S.A. Kursus D.B.O., Fisiologies-mediiese aspekte van die gesigsgestremde kind, pp.3-4.

meer in die onderwys van blindes in Duitsland, Engeland, Nederland en Amerika en in besonder die geskiedenis van die onderwys van gesigsgestremdes aan die Instituut te Worcester sedert sy totstandkoming tot die huidige. Vervolgens word daar ook aandag gewy aan die voorsiening van onderwys van blindes in die Noorde, die geskiedenis van die onderwys van nie-blankes in Suid-Afrika, die geskiedenis van die onderwys van die swaksiendes in die algemeen en ten slotte die geskiedenis van die onderwys van die swaksiendes in Suid-Afrika.¹²

6.2.2.1.3 Sielkundige aspekte van die gesigsgestremde kind¹³

Hierdie kursus is oorwegend aan sielkundige aspekte van die blinde gewy soos onder meer die sintuiglike struktuur van die blinde, beperkings op die ontwikkeling van die blinde kind, gevolge van die beperkende faktore, spel by blinde kinders en speltherapie, ouerlike verhoudings, die klein blinde kind, vorm- en ruimtewaarneming, verstandsmeting en vertraging.

Die sielkundige aspekte van swaksiendheid neem 'n ondergeskikte afdeling in die kursus in en bestaan in wese uit een hoofstuk wat kursories die volgende aspekte van swaksiendheid aanraak: gedragpatroon van die swaksiende kind met verwysing na gedragssuitings, oorsake van gedrag, fisiese faktore, beperkings van visuele aktiwiteite, eise van die maatskappy, uitwerking van die bywoning van die gewone skool en ouerlike optrede.

6.2.2.1.4 Ortodidaktiek¹⁴

Hierdie kursus bestaan uit twee afdelings, te wete die afdeling oor die onderwys van blindes en die afdeling oor die onderwys van swaksiendes. Daar word gelet op die hoofbeginsels van die ortodidaktiek, die doelstelling van die opvoeding van swaksiendes, die onderrig van lees, skrif en

12. Universiteit van S.A. Kursus D.B.C. Geskiedenis van onderwys vir die gesigsgestremdes, p.3.

13. Universiteit van S.A. Kursus D.B.O. Sielkundige aspekte van die gesigsgestremde kind, pp.(i)-(iii).

14. Universiteit van S.A. Kursus D.B.C. Ortodidaktiek.

enkele vakke in die primêre skool. Vervolgens is daar 'n hoofstuk oor elk van die klaskameruitrusting, buitemuurse be-drywigheide in 'n skool vir swaksiendes en die administrasie en organisasie van 'n skool vir swaksiendes.

6.2.2.2 Diploma in Spesiale Onderwys

Benewens die relatiewe elementêre kursus wat op die Diploma in Buitengewone Onderwys uitloop, soos deur die Univer-siteit van Suid-Afrika aangebied, word daar in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria, ook voor-siening gemaak vir 'n Diploma in spesiale Onderwys met 'n endossement "Onderwys aan Swaksiendes".¹⁵

'n Kandidaat kan tot die kursus toegelaat word as hy in besit is van 'n erkende onderwyssertifikaat wat getuig van 'n voltydse opleiding as onderwyser vir minstens twee jaar na behaling van die Matrikulasie- of Skooleindsertifikaat en minstens twee jaar onderwyservaring.¹⁶

As 'n kandidaat nie aan die bovermelde vereistes met betrekking tot onderwyservaring voldoen nie, kan hy wel tot die kursus toegelaat word, indien hy 'n permanente of tydelike betrekking vir die onderwys aan swaksiendes bekleed, of indien bevredigende reëlings getref kan word vir deurlopende skool-praktyk vir 'n jaar op die basis van 'n tydelike leerkrag son-der dat die skool 'n finansiële verpligting teenoor die kandidaat het.

'n Kandidaat kan ook tot die kursus toegelaat word as hy in besit van 'n baccalaureusgraad en 'n erkende onderwyssertifi-kaat is, met of sonder onderwyservaring. Daar is egter die voorbehoud dat die Fakulteitsraad die aard en hoeveelheid skoolpraktyk (maar nie minder as ses maande nie) vir sodanige kandidaat bepaal, tensy die kandidaat reeds 'n betrekking aan 'n skool vir swaksiendes bekleed.¹⁷

15. Universiteit van Pretoria. Jaarboek 1969-1970, Deel IX, p.27.

16. Loc.cit.

17. Ibid., p.28.

Hierdie kursus word na-uurs aangebied, duur drie semesters en die kurrikulum sluit die volgende studievelde in:¹⁸

- i. Elementêre kennis van die oogorgaan,
- ii. Elementêre gesigkunde,
- iii. Sielkunde van Opvoeding,
- iv. Algemene grondslae van die didaktiek en ortodidaktiek,
- v. Sosiale pedagogiek en die filosofie van kommunikasie,
- vi. Skoolpraktyk.

Na voltooiing van hierdie diplomakursus kan kandidate wat reeds in besit van 'n graad is, hulle studie in hierdie rigting vir 'n jaar langer voortsit wat 'n verdieping van die diplomakursus is en dan uitloop op die B.Ed-graad met 'n endossement "SWAKSIENDES".

Soos in die geval van die Diploma in Buitengewone Onderwys van die Universiteit van Suid-Afrika, word die Diploma in Spesiale Onderwys ook erken vir spesiale salariskrediet.

Nie een van die voorafgaande kursusse in buitengewone onderwys is verpligtend vir die onderwysers aan skole vir swaksiendes nie, maar die versoek wat die besture van die Prinshofskool vir Swaksiendes en die Skool vir Blindes te Worcester in die verband aan onderwysers stel, is van so 'n aard dat dit nie ligtelik deur die personeel geïgnoreer kan word nie.

6.2.3 Ander vorme van opleiding van onderwysers in skole vir swaksiendes 19

Benewens die formele professionele opleiding vir onderwysers in die buitengewone onderwys soos in die voorafgaande paragrawe geskets, vind daar voortdurende nie-amptelike indiensopleiding aan die skole vir swaksiendes in die R.S.A. plaas.

Deur middel van staande komitees wat voortdurend besig is met opdragte oor verskillende aspekte en fasette van die

18. Loc.cit.

19. Kyk Bylae A, vraag 2.50.

onderwys aan swaksiendes aan die skool, en deur wie daar ook navorsing op die gebied van die onderwys van die swaksiende kind uitgevoer word, vind daar aldus insidentele opleiding plaas.

Die prosedure in die verband aan die Prinshofskool is dat lede van so 'n komitee, byvoorbeeld die skoolbiblioteek-komitee, memoranda en referate oor die onderwerp van die swaksiende moet opstel wat dan weer op kleiner en groter vergaderings voorgedra en bespreek word.

Hierdie ondersoek word in die reël deur die ervare senior personeel van die skool onderneem en dit bied waardevolle leiding en voorligting aan die junior onderwysers.

Die prinsipaal, adjunk-hoof en vise-hoofde doen dwarsdeur die jaar klasbesoek by onderwysers en bespreek die probleme met onderwysers individueel en ook in groepe op personeelvergaderings. Langs hierdie weg geskied daar dan ook onder meer voorligting aan onderwysers in verband met metodiek en aanbidding in die onderwys.

In die geval van 'n nuwe personeellid word die persoon toegelaat om by wyse van oriëntering vir 'n week of twee die klasse van 'n senior onderwyser of 'n vise-hoof by te woon en slegs verkenning en waarneming te doen. Nadat die onderwyser sy werksprogram begin het word daar sesmaandeliks 'n verslag deur die hoof oor die werk van die onderwyser opgestel. Indien daar leemtes bestaan, word die nodige opvolgingswerk deur die prinsipaal of die vise-hoof van die skool gedoen. Hierdie insidentele opleidingsprogram duur vir die persoon se verblyf aan die skool en geld vir elke onderwyser.

Ten opsigte van die minimum kwalifikasies van 'n onderwyser aan 'n skool vir swaksiendes word in die primêre afdeling van die skool 'n gewone onderwysdiploma plus die Diploma in Buitengewone Onderwys of die Diploma in Spesiale Onderwys as 'n ideaal gestel, terwyl in die sekondêre afdeling, wat op die lees van vakonderwys geskoei is, minstens 'n baccalaureusgraad in die onderwyser se hoofvak plus 'n gewone onderwysdiploma, plus 'n kwalifikasie in die buitengewone onderwys as die ideaal gestel word.

6.3 PERSONEELVOORSIENING AAN SKOLE VIR SWAKSIENDES IN DIE R.S.A.

Die basis van personeeltoekenning aan skole vir swak-siendes in die R.S.A. word as volg deur die Departement van Nasionale Onderwys neergelê:²⁰

Met die totstandkoming van 'n skool vir swak-siendes word 'n pos van prinsipaal en vise-prinsipaal toegeken. In die primêre afdeling word twee onderwysers vir die eerste tien leerlinge toegeken en in die sekondêre afdeling drie onderwysers vir die eerste tien leerlinge.

Na hierdie inisiële personeeltoekenning word 'n addisionele onderwyser vir elke tien bykomstige leerlinge toegestaan. Hierdie reëling geld slegs vir suiwer akademiese personeel. Bykomstige toekennings word gemaak vir die onderrig van musiek (een onderwyser vir elke 74 leerlinge) en sielkundige dienste (een onderwyser vir elke 109 leerlinge).

Die 20ste pos op die personeel is gegradeer as 'n adjunkhoofpos, die 21ste as 'n vise-hoofpos en die 5de, 8ste, 11de, 14de en 17de poste aan die skool word as senior-onderwysposte gegradeer.

In die praktyk kom die onderwyser-leerlingkwota as gevolg van hierdie toekenning op ongeveer 1:10 te staan.

Dit is bevind dat op sekere vlakke hierdie voorsiening heeltemal voldoende is, soos in die primêre onderwys van standerd 2 tot standerd 5. Hier is die onderwyser-leerlingkwota beter as 1:10 aangesien daar reeds vir die eerste 30 leerlinge, vier onderwysers aan 'n skool toegesê is.

In die aanvangsonderwys (Kleuterklas) en grade i en ii sou 'n onderwyser-leerlingkwota van 1:7 of selfs 1:6 meer ideaal gewees het vanweë die individuele aandag wat die swak-siende op hierdie vlak nodig het. Daar bestaan groot heterogeniteit van swak-siende leerlinge in dieselfde klaskamer. Leerlinge sien verskillend, al sou hulle redelik homogeen

20. Departement van Nasionale Opvoeding. Omsendbrief.
S.O. 1 van 31 Desember 1970.

gegroepeer wees ten aansien van intelligensie. Onderwys=metodiek en -aanbieding moet noodwendig van indiwidu tot indiwidu verskil vanweë die verskillende gesigskerptes, gesigs=reste en oogkondisies.

As daar 'n groot leerlingtal op sekondêre vlak is (100 of meer), is die personeelkwota in die reël genoegsaam, maar in die groeistadium van die skool word knelpunte ook op hier=die gebied ondervind.

Al die basiese vakke moet vir eksamendceleindes aan=gebied word, maar die personeeltoekenning geskied nie per vak nie, maar volgens leerlingtal. As die leerlingtal die 100 kerf bereik, lewer die onderwyser-leerlingkwota nie meer pro=bleme op nie, behalwe in die geval van uitgebreide vakkeuses.

Met 'n leerlingtal van 215 in die primêre en sekondêre afdelings was die akademiese personeeltoekenning aan die Prinshofskool vir Swaksiendes in Pretoria in 1971²¹ as volg:

Prinsipaal	- 1
Adjunk-hoof	- 1
Vise-hoof	- 1 (In 1972 is 'n verdere vise-hoof vir die primêre afdeling aangestel). ²²
Senior assistente	- 5
Assistente	- 19
Onderwyser-sielkundiges	- 2
TOTAAL	30

Aan die Afdeling vir Swaksiendes aan die Skool vir Blindes te Worcester was daar in 1971 'n vise-hoof en 7 personeellede op die diensstaat vir 'n leerlingtal van 52 leerlinge.²³

Omdat die Afdeling vir Swaksiendes te Worcester onder die Skool vir Blindes ressorteer, tree die volgende personeel gesamentlik vir blindes en swaksiendes op: die prinsipaal, die adjunk-hoof, onderwyser-sielkundiges, en die vakonderwysers verbonde aan telefonie, klavierstem, hout- en rottangwerk,

-
21. Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys. Prinshof=skool, Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1970 - 30 Junie 1971, pp.6-7.
22. Ibid., Jaarverslag vir die tydperk 1 Julie 1971 - 30 Junie 1972, p.2.
23. Kyk Bylae A, vraag 1.10.

matrasmakery en brei- en weefwerk.

In die sekondêre afdeling vanaf standerd sewe, waar die swaksiende leerlinge in die skool vir blindes geïntegreer is, tree die vakonderwysers ook gesamentlik vir albei kategorieë van gesigsgestremdheid op.

6.4 ONDERWYSERSOPLEIDINGSPROGRAM EN PERSONEELVOORSIENING VIR DIE ONDERWYS VAN SWAKSIENDES IN ENKELE OORSESE LANDE

6.4.1 Die Verenigde State van Amerika

As gevolg van die feit dat daar in die verskillende state in die V.S.A. outonomie op die gebied van onderwysvoorsiening bestaan en dat hierdie outonomie weer gedelegeer is na distriksbesture en selfs stadsrade, word daar geen uniformiteit op enige gebied van die onderwys aangetref nie en kan daar slegs tendense onderskei word.

Die United States Department of Health, Education and Welfare rapporteer²⁴ dat in al die verskillende state daar wel sekere vereistes en voorwaardes gestel word met betrekking tot die opleiding en kwalifikasies van onderwysers vir swaksiendes.

Ofskoon daar in die verskillende state verskille bestaan betreffende die standaard wat neergelê word in die opleiding van onderwysers, kan basiese ooreenkomste onderskei word. 'n Aspek betreffende die onderwysersopleidingsprogram wat nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die gesigsgestremdes in die V.S.A. grootliks in gewone klasse en gewone skole geïntegreer is en gevolglik deur die onderwysers aan die gewone skole onderrig word.

Die minimum kwalifikasies wat van 'n onderwyser verwag word is dat hy 'n baccalaureusgraad aan 'n erkende universiteit of kollege behaal het. Die meeste skole vereis egter addisionele gespesialiseerde opleiding in die buitengewone onderwys van onderwysers wat vir hierdie leerlinge onderrig gee. In die reël word dan slegs 'n endossement op die gewone onderwys=

24. The Visually handicapped child. U.S. Government Printing Office, 1963, p.36.

diploma aangebring dat die besondere onderwyser bevoeg is om buitengewone onderwys waar te neem, in plaas daarvan om 'n afsonderlike sertifikaat of diploma uit te reik.

Aan die skole waar daar nie 'n spesifieke diploma of sertifikaat in die buitengewone onderwys vereis word nie, word dit wel van die aspirantonderwysers verwag dat hulle uitgebreide ervaring en professionele opleiding in algemene onderwys sal hê. Wanneer onderwysers vir die buitengewone onderwys, hetsy vir watter kategorie, aangestel moet word, word daar wel voorkeur aan onderwysers gegee wat óf praktiese ervaring óf addisionele spesialisasie in die besondere veld van die buitengewone onderrig gehad het.

Met die oog op die onderwys van swaksiende kinders word daar in die opleiding van onderwysers vir hierdie kategorie ongeveer dieselfde studiekursusse as in die R.S.A. aangebied, te wete:

'n Studie van die struktuur en funksies van die oog,
Opvoedkundige implikasies van oogpatologie,
Die psigologie van gestremdes.²⁵

Spesiale vakvereistes met die oog op onderwys vir gestremdes, in besonder gesigsgestremdes, wissel egter van staat tot staat in Amerika.

Hathaway huldig die verdienstelike gedagte dat die ideale wyse van rekrutering van onderwysers vir die onderwys van swaksiendes daarin bestaan dat 'n onderwyser gekies word wat 'n paar jaar suksesvolle algemene onderwyserervaring het nadat hy die gewone onderwysersopleiding voltooi het en hom of haar dan 'n spesiale kursus in die spesifieke vertakking van die buitengewone onderwys te laat volg waarin die vakature bestaan.

'n Groot diversiteit van spesiale kursusse in die buitengewone onderwys word aan die verskillende kolleges en universiteite aangebied. Benewens die breë studieterreine soos hierbo vermeld, waarvoor daar in elementêre en gevorderde kursusse voorsiening gemaak word,²⁶ volg die opleiding die

25. Ibid., p.37.

26. Loc.cit.

patroon van lesings en algemene bespreking en demonstrasie met betrekking tot die organisasie en administrasie van die buitengewone onderwys, onderwysuitrusting vir swaksiendes, metodes en tegnieke in die onderwys, beroepsvoorligting aan swaksiendes, anatomie en fisiologie, ooghygiëne, oogsiectes, werkwinkeltegnieke vir swaksiendes, die gebruik van optiese hulpmiddels vir swaksiendes en so meer.

Benewens die spesiale opleidingsprogramme wat aan kolleges en universiteite aangebied word, bestaan daar ook verskeie private agentskappe en organisasies wat hulle beywer om die onderwysstandaarde in die onderwys van swaksiendes te verbeter, byvoorbeeld The Council for Exceptional Children, The American Association of Instructors of the Blind, The American Foundation for the Blind, The National Society for the Prevention of Blindness en The Education of Exceptional Children Branch of the Office of Education.

Hierdie instansies propageer beter opleiding vir onderwysers van swaksiendes en reik ook periodiek informasie uit oor die spesiale opleidingsfasiliteite aan kolleges en universiteite.

6.4.2 Engeland

6.4.2.1 Onderwysersopleidingsprogram

Dit is eers so laat as die begin van die vyftiger jare dat die opleiding van onderwysers vir die buitengewone onderwys enige noemenswaardige aandag in Engeland begin geniet het.²⁷

In 1954 beveel die "National Advisory Council on the Training and Supply of Teachers" in sy vierde verslag aan:²⁸ "One area training organisation or university department of education should be invited by the University of Education to establish as soon as possible a one-year general course for teachers of handicapped children with special reference to teachers of the blind."

27. Jackson, S. Special Education in England and Wales, p.121.

28. Great Britain, Department of Education and Science. The Education of the Visually Handicapped. Report, 1972, p.93.

As gevolg van hierdie aanbeveling is daar mettertyd 'n kursus in buitengewone onderwys aan die Birminghamse Universiteit ingestel wat ook die opleiding van onderwysers vir swaksiendes insluit.²⁹

Kandidate vir die kursus moet ten minste twee jaar ervaring in die gewone onderwys hê en addisionele ervaring in 'n skool vir blindes of swaksiendes is wenslik, maar nie noodsaaklik nie.

Die kursus sluit 'n praktiese gedeelte in die onderwys aan blindes en swaksiendes in, 'n komprehensiewe algemene skoling in opvoedkundige en ontwikkelingspsigologie, 'n studie van die spesiale onderwysbehoefte van blinde en swaksiende kinders en spesiale onderwysmetodes en onderwys hulpmiddels.³⁰ Alvorens die "Supplementary Certificate for Teachers of Visually Handicapped Children"³¹ uitgereik word moet die kandidaat 'n praktiese en skriftelike eksamen aflê en 'n kort skripsie lewer oor 'n onderwerp insake die onderwys van gesigsgestremde kinders. Studente in die buitengewone onderwyskursus moet ook gemeenskaplike (common core) lesings oor ander gestremdhede bywoon. Gedurende die opleidingstydperk moet die studente-onderwyser ook 'n uitgebreide program van besoeke aan skole vir buitengewone onderwys voltooi.³²

Voordat hierdie kursus ingestel was, was daar geen opleidingskursus spesifiek vir die onderwys van swaksiendes in Engeland nie en enige gekwalifiseerde onderwyser wat die gewone opleiding voltooi het word selfs vandag nog as geskik beskou om onderwys aan skole vir swaksiendes aan te bied.

Volgens die Vernon-Report van 1972³³ is die huidige posisie dat slegs onderwysers van blindes, dowes en hardhorendes verplig is om die addisionele onderwyskwalifikasies in die buitengewone onderwys te besit.

29. Loc.cit.

30. Loc.cit.

31. Sedert 1972 staan hierdie sertifikaat bekend as die "Diploma in the Education of the Visually Handicapped".

32. Loc.cit.

33. Ibid., p.92.

Benewens die voorafgaande kursus in die onderwys van blindes en swaksiendes word daar nog 'n verskeidenheid van korter kursusse vir diensdoende onderwysers van swaksiendes deur die Department of Education and Science and Local Education Authorities aan onderwyskolleges aangebied. Hierdie kursusse is in die reël van 'n meer algemene aard oor gestremdheid met spesiale voorligting in die onderwys van swaksiendes.³⁴ Hierdie kursusse word in die reël in die groter stede soos Londen en Birmingham aangebied.

Aan die Avery Hill College word daar byvoorbeeld 'n jaar-kursus in buitengewone onderwys aangebied vir onderwysers met 4 of 5 jaar ondervinding in die gewone onderwys.

In 1966 rapporteer Jackson³⁵ dat daar reeds op daardie stadium aan 34 sentra in Engeland verskillende kursusse in die buitengewone onderwys aangebied word. Gesien teen die agtergrond van die verskillende kategorieë van gestremdheid wat bestaan, verskil die kursusse grootliks ten opsigte van die inhoudelike, ofskoon die meeste van die kursusse van 'n meer algemene aard is.

Sommige van die kursusse is sogenaamde "refresher courses" vir die meer ervare onderwysers, en dan in die reël oor meer gespesialiseerde aspekte van die buitengewone onderwys.

Na voltooiing van hierdie jaarkursusse word daar sertifikate deur die opleidingskolleges aan die kandidate uitgereik, terwyl aan die universiteite waar die kursusse van 'n meer gevorderde aard is, 'n diploma uitgereik word, soos in die genoemde geval van die Birminghamse Universiteit. Aan die Universiteit van Noord-Wallis word die Diploma in Remediërende Onderwys en aan die Universiteit van Manchester die Diploma in The Education of the Handicapped Child uitgereik.

Jackson verduidelik³⁶ dat die oorspronklike doel met die diplomakursus was "to equip selected experienced teachers for more responsible posts", terwyl die sertifikaatkursus bedoel

34. Ibid., p.94.

35. Op.cit., p.121.

36. Op.cit., pp.121-124.

was "to enable serving teachers to receive specialised training to meet the needs of the schools. Diploma courses were described as advanced, while certificate courses were described as supplementary."³⁷

Aanvanklik was die beskouing dat die gevorderde kursusse in buitengewone onderwys wat aan die universiteite aangebied word, meer teoreties georiënteerd sou wees en die aanvullende kursusse wat deur die onderwyskolleges aangebied word, 'n meer praktiese inslag sou hê. Nadat hierdie kursusse egter 'n aantal jare lank in gebruik is, word dit ondervind dat vir die huidige daar weinige verskil ten opsigte van die inhoudelike en kwaliteit van die kursusse bestaan. Onderwysers wat egter 'n nagraadse studie vir die M.Ed.-graad wil volg, word aangeraai om die gevorderde kursus in buitengewone onderwys aan die universiteit te voltooi.

6.4.2.2 Die Vernon-verslag van 1972

In die voorafgaande paragraaf is daar reeds verskeie kere melding gemaak van die werk van die Komitee van Onderzoek na die onderwys van die gesigsgestremde in Engeland, onder voorsitterskap van professor M.D. Vernon, wat in 1968 deur die Staatsekretaris aangewys is en wie se verslag in 1972 vrygestel is.

Hierdie Komitee ondersoek onder andere ook die aangeleentheid van die opleiding van onderwysers vir die gesigsgestremde.³⁸

Enkele aangeleenthede betreffende die opleiding van onderwysers vir gesigsgestremdes waarvoor die Komitee hom uitlaat en aanbevelings doen, wat ook betekenisvol kan wees vir die R.S.A., is onder meer die volgende:

1. Die Komitee is van mening dat 'n onderwyser eers ervaring aan 'n gewone skool moet hê alvorens hy tot die buitengewone onderwys, in dié geval die onderwys van swaksindes, toetree. 'n Minimum periode van twee jaar word as wenslik beskou.³⁹ Hierdie siening word ook deur

37. Ibid., p.124.

38. The Education of the Visually Handicapped. Report of the Committee of Enquiry appointed by the Secretary of State. H.M.S.O., 1972, Chap. 9.

39. Ibid., p.96.

mnr. S.F. Wright van die John Aird School, Londen, ondersteun, wat tydens 'n persoonlike onderhoud met die skrywer verklaar het⁴⁰ dat hy nie 'n onderwyser aan sy skool aanstel wat nie ten minste twee jaar ervaring in die gewone onderwys het nie.

- ii. Volgens inligting deur die Komitee ingewin plaas die eerste jaar van onderwys aan die gesigsgestremde besondere groot spanning op die jong onderwyser, wat vererger word as hy gedurende die eerste jaar vir deeltydse studie in die buitengewone onderwys moet inskryf. Dit is wenslik dat die jong onderwyser vir die eerste jaar op die leiding en advies van die prinsipaal en die ervare personeel aangewys is.⁴¹ Dit impliseer dat indiensopleiding noodsaaklik is. Dit geld veral vir getroude damespersoneel wat waardevolle diens lewer, maar nie die deeltydse kursus kan volg nie.

Hierdie standpunt word sterk ondersteun deur Marshall, prinsipaal van die Exhall Grange School in Coventry, wat beweer dat die onderwysersopleidingsprogram vir die buitengewone onderwys aan universiteite en kolleges vanuit 'n ideologiese standpunt gesien baie goed is, maar dat ware kennis en vermoë om aan die swaksiende leerling se eise aan die onderwys te kan voldoen, slegs deur 'n indiensopleidingsprogram bereik kan word.

- iii. Die Komitee laat hom uit oor die wenslikheid om swaksiende leerlinge aan te moedig om onderwysers te word. Sommige lede van die Komitee was die mening toegedaan dat dit 'n onregverdige las op die ander normaalsiende onderwysers sou plaas omdat hulle sekere dienste van die swaksiende onderwyser sou moes waarneem. Die meerderheid van die Komitee was egter ten gunste daarvan dat die onderwysberoep vir die swaksiende toeganklik moet wees, mits swaksiende onderwysers nie 'n te groot persentasie van die personeel uitmaak nie.⁴²

40. Kyk Bylae C, vraag 46.

41. Report of the Committee, p.94.

42. Ibid., pp.95-96.

iv. Aansluitend by die voorafgaande standpunt, was die meerderheid van die Komitee ten gunste daarvan dat onderwysers vir blindes en swaksiendes 'n gemeenskaplike opleiding sal geniet, omdat volgens die meerderheid van die Komitee, die blindes en swaksiendes aan dieselfde skool onderwys behoort te ontvang en dan moet die personeel in staat wees om aan albei kategorieë van gesigsgestremdheid onderwys te gee.⁴³

v. Die Komitee spreek sy sorg daaroor uit dat daar weinig promosieposte vir die onderwyser van swaksiendes bestaan, omdat die skole vir swaksiendes klein in getal en omvang is. Dit skrik onderwysers daarvan af om tot die onderwys vir swaksiendes toe te tree. Dit is gevolglik, aldus die Komitee, verkieslik dat die opleiding van onderwysers in die buitengewone onderwys wyd moet wees sonder om die gespesialiseerde aard van die opleiding in die onderwys van gesigsgestremdes te verwaarloos.

Hierdie wye opleiding in die onderwys van ander gestremdes word ook noodsaaklik geag omdat die voorkoms van meervoudige gestremdhede onder swaksiendes al hoe meer voorkom.⁴⁴ Volgens die Komitee se beraming ly ongeveer die helfte van alle gesigsgestremde kinders in Engeland aan 'n addisionele gestremdheid.

"We rely on the courses leading to a further qualification for teaching the visually handicapped to provide at least a general knowledge of the other handicapping conditions likely to be encountered in these schools and of the associated learning and psychological problems."⁴⁵

vi. Die Komitee spreek sy sorg daaroor uit dat die onderwysers aan skole vir gesigsgestremdes geneig is om in opvoedkundige isolasie te verval. Ten einde dit te voorkom beveel die Komitee aan dat onderwysers aan skole vir swaksiendes meer en doelbewus in aanraking met onderwysers in ander kategorieë van die onderwys moet kom deur middel van sosiale byeenkomste, konferensies, vergaderings en

43. Ibid., p.98.

44. Ibid., p.97.

45. Ibid., pp.97-98.

deur die uitruil van kennis oor die onderwys.

Om verdere stagnasie te voorkom moet opknappingskursusse vir diensdoende onderwysers gereël word en alle onderwysers moet aangemoedig word om daaraan deel te neem.⁴⁶

vii. 'n Betekenisvolle aangeleentheid waaroor die Komitee hom uitlaat is dat in die aanvanklike onderwysersopleidingsprogramme van alle onderwysers daar só weinig leiding aan aspirantonderwysers verskaf word in verband met gestremdhede wat hulle onder kinders aan die gewone skool sal teenkom.

Die Komitee is die mening toegedaan dat onderwysers daarvan bewus moet wees dat gesigsgestremdheid 'n wesenslike rede kan wees waarom leerlinge skolasties uitval. Onderwysers behoort die nodige leiding en voorligting aan alle kolleges en universiteite te ontvang, hoe om hierdie gevolge van gesigsgestremdheid te identifiseer en onder die nodige mediese en oftalmologiese aandag te bring.⁴⁷

viii. Die Komitee neem kennis van die feit dat die relatiewe klein persentasie van die skoolbevolking wat as swak-siendes onderwys ontvang, beperkinge op dié tipe van gespesialiseerde opleiding van onderwysers plaas. Die Komitee voorsien nie dat daar 'n groot uitbreiding in die leerlinggetal swak-siendes in die nabye toekoms sal wees nie en stel ook nie voor dat die huidige onderwyser-leerlingkwota van 1:9/10 in skole vir swak-siendes verander word nie.⁴⁸

ix. Die Komitee beveel aan:

a. dat daar uitbreiding van opleidingsgeriewe vir onderwysers van swak-siendes moet wees en dat dit in die toekoms verpligtend moet wees dat 'n onderwyser wat die onderwys van swak-siendes sy beroep wil maak, hom verder vir die doel sal bekwaam soos in die geval van die onderwysers vir blindes is.⁴⁹

46. Ibid., p.98.

47. Ibid., p.96.

48. Loc.cit.

49. Loc.cit.

- b. dat diensdoende onderwysers van swaksiende kinders, aangemoedig, ofskoon nie verplig, moet word om addisionele professionele kwalifikasies in die besondere onderwysrigting te bekom.
- c. dat onderwysers wat addisionele kwalifikasies in die onderwys van swaksiendes verwerf, 'n addisionele finansiële vergoeding, net soos in die geval van die onderwysers van blindes, ontvang.
- d. dat die opleiding van onderwysers vir gesigsgestremdes so wyd moontlik moet wees.⁵⁰

6.4.3 Nederland

Die opleiding van onderwysers in die buitengewone onderwys in Nederland hang nou saam met die gewone onderwysersopleidingsprogram.

Nadat 'n kandidaat die Middelbare Onderwys voltooi het, volg hy 'n driejarige kursus aan 'n opleidingskool (Pedagogiese akademie) vir onderwysers. Die eerste twee jaar van hierdie opleiding word aan algemene opleiding vir die onderwysberoep bestee, terwyl daar in die derde jaar in elk van die volgende rigtings gespesialiseer kan word:⁵¹

- a. Spesialisasie in die didaktiek en pedagogiek van die primêre onderwys,
- b. Spesialisasie in die didaktiek en pedagogiek van die Middelbare (voortgezet) onderwys,
- c. Algemene oriëntasie in die problematiek van die gestremde kind.

Na hierdie driejarige kursus is 'n onderwyser bevoeg om onderwys op primêre vlak aan te bied.

Onderwysers op die sekondêre vlak van die onderwys in Nederland staan as lerare bekend en hulle opleiding duur sewe jaar aan 'n universiteit na voltooiing van die sekondêre

50. Ibid., p.100.

51. Van Waart, N. De Orthopedagogiek in de opleiding van onderwysers bij het buitengewoon onderwijs. Tijdschrift voor Orthopedagogiek, Feb. 1967, p.33. Kyk ook Bylae D, vraag 46.

onderwys aan 'n Atheneum of Gymnasium.

Vir 'n eerste aanstelling aan 'n skool vir buitengewone onderwys, moet 'n onderwyser die normale onderwysersopleidingsprogram voltooi het. Nadat die onderwyser twee jaar ervaring in die buitengewone onderwys het, kan hy vrywilliglik en op 'n deeltydse basis vir 'n driejarige kursus in ortopedagogiek aan 'n seminarium vir ortopedagogiek inskryf. Vir hierdie doel bestaan daar die Seminarium vir Ortopedagogiek te Zeist en die "Rooms Katholieke Leergange te Tilburg". Laasgenoemde instansie verskaf in die besonder sogenaamde "byskoling" in die onderwys van visueel gestremdes, te wete blindes en swaksiendes.

Omdat daar nie soveel kandidate is vir addisionele opleiding in die onderwys van swaksiendes nie, kan hierdie kursusse nie op 'n permanente basis ingestel word nie en word dit slegs op aanvraag ("per applikatie") aangebied. Die kursusse staan ook bekend as "Applikatie Kursusse".

Ofskoon die verwerwing van addisionele professionele kwalifikasies in die buitengewone onderwys nie verpligtend is nie, word onderwysers aangemoedig om hierdie byskoling te volg. Benewens die addisionele besoldiging wat onderwysers in die buitengewone onderwys bo hulle kollegas in die gewone onderwys ontvang, ontvang hulle bykomstige vergoeding nadat hulle 'n kursus in die buitengewone onderwys met sukses voltooi het.

Volgens die heer Dominicus, direkteur van die Afdeling Swaksiendes aan die Henricus Instituut te Nijmegen, word dit as 'n besondere leemte in die opleidingsprogram van onderwysers vir swaksiendes in Nederland ondervind dat daar nie afsonderlike kursusse vir hierdie onderwysers is nie.

Van Waart beweer egter dat die addisionele opleidingsprogramme aan onderwysers in die buitengewone onderwys in Nederland aan hierdie onderwysers dieselfde status verleen as aan hulle kollegas in die gewone Middelbare onderwys.⁵²

52. Op.cit., p.35.

Hierdie nuwe bewustheid van status het ontstaan omdat daar tradisioneel in Nederland 'n stigma aan die buitengewone onderwys gekleef het in die sin dat onderwysers in die buitengewone onderwys beskou is as "zonderlinge mense"⁵³ wat hulle self besig hou met "abnormale kapasiteite".⁵⁴

Ten aansien van die opleiding van onderwysers in die buitengewone onderwys, postuleer hy verder: "Alleen een wetenskaplik verantwoorde - en daardoor ongetwyfeld sware - opleiding kan een eind maken aan de dubieuzе gevoelens van onze L.O.-collega's ten opzichte van het B.C. en wat véél meer betekent: een gezonde en heilzame ontwikkeling van het B.O. bewerkstelligen en dit alles in het belang van het gehandicapte kind...."⁵⁵

6.4.4 België⁵⁶

In België bestaan daar vir die huidige geen verpligte onderwysersopleidingsprogram vir onderwysers in die buitengewone onderwys nie.

Onderwysers word in die reël in die buitengewone onderwys, ook in die institute vir gesigsgestremdes, aangestel nadat hulle die Laer Onderwysdiploma vir die gewone onderwys verwerf het.

Hierna kan onderwysers vrywillig 'n tweejarige Diploma in Buitengewone Onderwys aan die kolleges te Roeselare, Gent, Duffel, Antwerpen, Loeven of Turnhout volg.

Die kursus word deelytds aangebied met 140 uur lesure in die eerste jaar en 230 lesure in die tweede jaar.⁵⁷

In die eerste jaar van die kursus ontvang die studente onderrig in:

Geskiedenis van die gestremde,
Psigologie van die gestremde,

53. Loc.cit.

54. Loc.cit.

55. Loc.cit.

56. Kyk Bylae D, vraag 46.

57. Inligting verskaf deur die heer F. Rosiers, Sekretaris-Generaal van het Katholiek Buitengewone Onderwijs in België, tydens 'n persoonlike onderhoud met die skrywer op 12 April 1973, tydens 'n besoek deur eersgenoemde aan Suid-Afrika. Kyk ook Bylae F.

Genetiese psigologie

Sosiologie

Wetgewing in die Buitengewone onderwys

Taal terapie

Semenarietwerk. 58

In die tweede jaar sluit die kursus die volgende vakke in:

Biologie

Ortodidaktiek in Lees,

Rekene,

Skrif.

Algemene beginsels van die Ortodidaktiek

Sosialisasie van die

a. "Licht mentaalgestoorden"

b. "Matig mentaalgestoorden".

Psigologie van die

a. "Licht mentaalgestoorden"

b. "Matig mentaalgestoorden"

c. "Karakter gestoorden".

Onderwyspraktyk (Stages).

Soos dit uit die inhoud van die kurrikulum van die Diploma in Buitengewone Onderwys blyk is hierdie opleidingskursus hoofsaaklik op die onderwys van verstandelik gestremdes ingestel omdat hulle getalle relatief soveel groter is. Daar geskied op amptelike vlak weinig om onderwysers spesifiek in die onderwys van swaksiendes te bekwaam. Onderwysers van swaksiendes word wel aangemoedig om die genoemde kursus in buitengewone onderwys te volg, maar dit is nie verpligtend nie.

Volgens die direkteure en direktrises van institute vir die onderwys van gesigsgestremdes was daar vroeër 'n belofte van owerheidsweë om onderwysers wat die Diploma in Buitengewone Onderwys verwerf het, spesiaal te vergoed, maar hierdie belofte is nie nagekom nie. Die gevolg is dat daar groot afbreuk aan die belangstelling van onderwysers gedoen is om hulle verder te bekwaam.

Die enigste betekenisvolle opleiding vir die onderwysers van swaksiendes is die indiensopleiding wat deur die institute self aangebied word.

Die groot agterstand wat daar in die opleiding van onderwysers in die buitengewone onderwys in België heers moet in 'n historiese perspektief gesien word. So onlangs as 20 jaar gelede was daar van owerheidsweë nog geen belangstelling in die onderwys van gestremdes nie en die onderwys van hierdie kategorie leerlinge is deur die Rooms-Katolieke Kerk in België geïnisieer. Selfs vir die huidige, in 1973, is daar nog nie 'n enkele staatskool vir blindes of dowes in België nie.

Dit was in die uiteensetting oor die voorsiening van spesiale dienste aan skole vir swaksiendes vermeld⁵⁹ dat daar aan die meeste institute vir gesigsgestremdes in België 'n voltydse ortopedagoog aan die skool verbonde is wat die nodige "begeleiding" aan die leerlinge en voorligting aan onderwysers bied. Die opleidingsprogram van hierdie besondere personeel-lid is betekenisvol.⁶⁰

- a. Na voltooiing van die humaniora op die hoër sekondêre onderwysniveau skryf die kandidaat aan 'n universiteit in.
- b. Die eerste twee jaar van die kursus sluit in Algemene Pedagogiek en Didaktiek, Algemene Psigologie, Psigo-Pedagogiek, Ortopedagogiek en Sosio-Pedagogiek.
- c. Na die tweede jaar kan die student, met die oog op spesialisering in die daaropvolgende twee jaar van die kursus, 'n keuse uit een van die volgende rigtings maak:
 - i. Pedagogiek in die gewone skool,
of
 - ii. Ortopedagogiek,
of
 - iii. Skoolpsigologie
of

59. Kyk hoofstuk 5.

60. Kyk Bylae F, Br. Daneels, België, in persoonlike onderhoud. (Direkteur van die Instituut te Woluwé, Brussel.)

iv. Spesiale Psigologie.

In vergelyking met die ander personeel van die skole vir gesigsgestremdes in België, getuig die opleidingsprogram van hierdie personeellid van deeglike skoling om aan die opvoedkundige, sielkundige en maatskaplike eise van die swaksiendes te voldoen.

Die algemene patroon met betrekking tot die onderwyserleerlingkwota aan skole vir swaksiendes wat in België teengekom was, is dat daar in die primêre afdeling van die skole 10 leerlinge en minder aan een onderwyser toegeken word, terwyl die getal in die sekondêre afdeling op 6 te staan kom.

6.4.5 Wes-Duitsland

Daar bestaan verskillende moontlikhede van opleiding van onderwysers in die buitengewone onderwys in Wes-Duitsland. Die direkteur van die Rheinische Landesschule für Sehbehinderte in Duisburg, (Bätz) gee die volgende verduideliking van die opleiding van die onderwysers aan sy skool in die staat (Land) Noordryn-Wesfale.⁶¹

Eerste moontlikheid

Nadat 'n kandidaatonderwyser die "Abitur" (Matriek) aan 'n Gymnasium (akademiese sekondêre skool) verwerf het, woon hy 'n "Pedagogische Hochschule" by waar hy hom as onderwyser in die gewone onderwys bekwaam. Na hierdie opleiding wat 8 semesters duur, tree die onderwyser tot 'n skool vir buitengewone onderwys toe vir 'n praktiese opleidingstydperk van twee jaar. Na die twee jaar prakties aan die skool vir buitengewone onderwys, waartydens hy besoldig word, gaan die onderwyser terug na een van die opleidingsentra vir buitengewone onderwys te Hamburg, Dortmund of Heidelberg vir 'n verdere twee jaar teoretiese opleiding. Die onderwyser spesialiseer in die reël in twee van die volgende drie rigtings van die buitengewone onderwys: die onderwys van swaksiendes, verstandelik vertraagdes, dowes en blindes.

61. Kyk Bylae E, vraag 46.

Aan die einde van hierdie opleiding aan die universiteit lê die kandidaatonderwyser 'n staatseksamen af voordat hy permanent tot die buitengewone onderwys kan toetree. Hierdie eksamen geld vir alle professionele dienste in die staatsdiens. In geheel duur hierdie opleidingsprogram agt jaar.

Tweede opleidingsmoontlikheid

'n Alternatiewe opleidingsprogram is dat die kandidaat na aflegging van die "Abitur", vir drie jaar lank opleiding in die onderwys van swaksiendes aan 'n universiteit ontvang wat afgewissel word met praktiese proeftydperke aan 'n skool vir swaksiendes. Aan die einde van hierdie opleidingsprogram van drie jaar aan die universiteit lê die aspirant onderwyser 'n eerste eksamen af.

Nou volg daar 18 maande as leerlingonderwyser (kandidaatonderwyser) aan 'n skool vir swaksiendes.

Gedurende hierdie tydperk gee die kandidaatonderwyser 12 uur per week onderwys aan die skool en vir die res ontvang hy teoretiese onderrig aan die opleidingskollege. Na die 18 maande lê die kandidaatonderwyser die Staatseksamen af, waarna hy gereed is vir 'n permanente aanstelling.

Derde opleidingsmoontlikheid

Onderwysers in die gewone onderwys wat wil oorskakel na die buitengewone onderwys, kan vir 'n tydperk van twee jaar na 'n universiteit gaan en opleiding in die buitengewone onderwys ontvang. Hierdie tydperk van twee jaar word afgewissel met korter tydperke van praktiese onderwys aan 'n skool vir swaksiendes. Die opleiding word met 'n formele eksamen afgesluit en na uitreiking van die Diploma in Buitengewone Onderwys is die onderwyser geregtig op addisionele vergoeding bo sy kollegas in die gewone onderwys.

In die Wes-Duitse skole wat in hierdie ondersoek betrek was, is dit gevind dat die onderwyser-leerlingkwota op ongeveer 1:10 tot 1:12 te staan gekom het.

6.4.6 Oostenryk⁶²

Omdat die buitengewone onderwys, in besonder die onderwys van swaksiendes, so 'n groot ooreenkoms met hierdie kategorie van die buitengewone onderwys in Wes-Duitsland toon, is daar nie in al die hoofstukke op die buitengewone onderwys-situasie in Oostenryk afsonderlik gelet nie. Waar daar wel betekenisvolle praktyke in die onderwys van swaksiendes, soos in die onderwysersopleiding, aangetref was, verdien dit vermelding.

Nadat 'n kandidaatonderwyser vir die onderwys van swaksiendes die Matura (matrikulasievystelling) aan 'n Gymnasium verwerf het, volg hy hoofsaaklik dieselfde opleidingsprogram as onderwysers vir die gewone onderwys, met enkele verskille.

Aan 'n Pedagogiese Akademie duur die voornemende onderwyser se opleiding vier semesters as hy aan die Volksschule (primêre afdeling) onderwys wil gee.

As hy aan die Hauptschule onderwys wil gee dan moet hy 'n verdere twee semesters opleiding ontvang.

Onderwysers in die buitengewone onderwys moet almal die twee addisionele semesters opleiding ontvang, selfs vir onderwys op die primêre vlak.

Gedurende die opleidingstydperk word daar periodiek praktikus afgeneem. In Weenen is die praktyk om aspirantonderwysers in die buitengewone onderwys afloswerk aan 'n skool vir buitengewone onderwys te laat doen wanneer een van die personeel vir 'n lang tydperk afwesig is.

Die leerling-onderwyserkwota word op 1:12 gestel en daar word selde in die praktyk van hierdie syfers afgewyk.

62. Inligting verskaf deur die direkteur (L. Tinkel) van die Skool vir Swaksiendes, Zinkgasse 15, Weenen, in persoonlike onderhoud met die skrywer. Kyk Bylae F.

6.5 KRITIESE BESPREKING

Uit die oorsig van die onderwysersopleidingsprogram vir die onderwys van swaksiendes in die R.S.A. en enkele oorsese lande wat in die ondersoek betrek is, kan die volgende momente onderskei word:

- 6.5.1 Die opleidingsprogram vir onderwysers in die buitengewone onderwys, in besonder die onderwys van swaksiendes, in die R.S.A., vergelyk gunstig met soortgelyke opleiding in Engeland, België, Nederland, die V.S.A. en Oostenryk, ofskoon daar maar so onlangs as sewe jaar gelede (1966), vir die eerste maal 'n amptelike kursus in buitengewone onderwys aan 'n universiteit in Suid-Afrika ingestel is.⁶³
- 6.5.2 Dit is duidelik uit die oorsig dat die spesiale skoling en addisionele kwalifikasies van onderwysers in die onderwys van swaksiendes, en ook ander gestremdes vir jare geen besondere oorweging geniet het nie. Onderwysers met gewone onderwysersopleiding is as bevoeg beskou om in die besondere onderwysbehoeftes van die gestremde, in besonder die swaksiende, te voorsien. Die besondere vaardigheid en kennis wat nodig is om die korrektiewe onderwysmetodes toe te pas, moes onderwysers deur middel van ervaring en indiensopleiding bekom.
- 6.5.3 Met die uitsondering van Wes-Duitsland, waar die onderwyser in buitengewone onderwys 'n deeglike verpligte opleidingsprogram in die buitengewone onderwys deurloop, word onderwysers met gewone onderwyserskwalifikasies in al die onderhawige lande vir die onderwys van swaksiendes aangestel. Ofskoon onderwysers aangemoedig word om hulle professionele kwalifikasies te verbeter in die onderwys van die besondere kategorie van die buitengewone onderwys waarin hulle werksaam is, word dit nêrens as verpligtend gestel nie. In Wes-Duitsland daarenteen word 'n navolgenswaardige voorbeeld aange-tref, waar 'n onderwyser in die buitengewone onderwys

63. Vgl. par. 6.2.1.

nie permanent aangestel word alvorens hy nie 'n addisionele skoling van hoogstaande standaard voltooi het nie.

6.5.4 Die waarde van indiensopleiding in die buitengewone onderwys kan nie oorbeklemtoon word nie. Indiensopleiding vorm 'n wesenlike integrale deel van die opleidingsprogram van die onderwyser. Dit word deur Marshall van die Exhall Grange School in Engeland so belangrik geag, dat hy selfs die stelling poneer dat dit die enigste betekenisvolle wyse van onderwysersopleiding in die buitengewone onderwys is.

6.5.5 Die rede waarom daar so onlangs eers opleidingsfasiliteite vir onderwysers in die onderwys van gesigsgestremdes geskep is, in sowel die R.S.A. as die onderhawige oorsese lande, moet daarin gesien word dat dit 'n diens is wat vir 'n betreklike klein sektor van die onderwysberoep aangebied word.

Soos in die geval van die onderwys van die swaksiende kind self, is dit 'n duur diens om in stand te hou vir 'n klein aantal kandidate. In Nederland word die opleidingsprogramme slegs periodiek en op aanvraag aangebied, terwyl daar in België beswaarlik sprake is van doeltreffende opleidingsfasiliteite vir onderwysers van swaksiendes.

6.5.6 'n Verdere rede waarom spesiale opleiding vir onderwysers van swaksiendes, en die daarstelling van opleidingsgeriewe vir hierdie doel so lank agterweë gebly het, hou waarskynlik verband daarmee dat die ontwikkeling van hierdie kategorie van die buitengewone onderwys so nou saamhang met die gewone onderwys van die land. So is die swaksiende in Amerika nog grootliks by die gewone onderwys geïntegreer en ontvang die swaksiende saam met die normaalsiende onderrig in dieselfde klaskamer.

6.5.7 Die gedagte wat in die Vernon-verslag in Engeland uitgespreek word dat daar in alle onderwysersopleidingsprogramme ook aandag aan gesigsgestremdheid en die gevolge daarvan in die onderwys, bestee moet word, is

beslis verdienstelik. Ook in die R.S.A. is dit ondervind dat daar nog swaksiende kinders aan gewone skole is. Onderwysers van hierdie leerlinge behoort kennis te dra van die opvoedkundige implikasies van swaksiendheid.

6.5.8 In sowel die R.S.A. as die onderhawige oorsese lande is die parallel in die onderwysersopleidingsprogram vir die onderwys van swaksiendes aangetref dat onderwysers aanvanklik vir die gewone onderwys opgelei word en nadat hulle praktiese onderwyservaring in die gewone onderwys opgedoen het, kan hulle tot kursusse in die buitengewone onderwys toegelaat word. In die enkele geval in Wes-Duitsland waar 'n kandidaat direk aan die universiteit met 'n kursus in die buitengewone onderwys begin, kan hy nie as onderwyser op 'n permanente basis aangestel word alvorens hy 'n relatiewe lang praktiese kursus voltooi het nie. Die onderwysersopleidingsprogram in die buitengewone onderwys in Wes-Duitsland getuig van langdurige en doeltreffende skoling om te verseker dat elke onderwyser opgewasse is vir sy ortopedagogiese taak. Vandaar dat direkteure van skole vir swaksiendes tydens besoeke aan hulle skole verklaar het dat daar nie afsonderlike poste van ortopedagoë aan hulle skole bestaan nie. Die ortopedagogiese program aan die skole word deur elke onderwyser individueel behartig soos die behoefte van die leerlinge ontstaan.

6.6 SAMEVATTING

Met inagneming van die besondere opvoedkundige eise wat die gesigsgestremde, in besonder die swaksiende, aan die onderwyser stel, is daar in die voorafgaande hoofstuk 'n uiteensetting gegee van die opleidingsprogramme wat vir hierdie onderwysers voorsien word.

Daar is in die eerste instansie gelet op die totstandkoming van besondere opleidingsgeriewe vir onderwysers in die buitengewone onderwys in die R.S.A. Benewens die indiensopleidingsprogram aan die Worcesterse Skool vir Blindes, het

daar voor 1966 geen ander amptelike opleidingsprogram vir onderwysers van swaksiende kinders bestaan nie. Daar is vervolgens ook na insidentele indiensopleiding van onderwysers aan die Prinshofskool en Worcesterse Skool vir Blindes verwys wat onophoudelik dwarsdeur die onderwyser se onderwysloopbaan aan die skole plaasvind.

Die personeelvoorsiening in hierdie kategorie van die buitengewone onderwys is onder oë geneem, in besonder die onderwyser-leerlingkwota.

Met die oog daarop dat daar moontlike lesse ter verbetering van die eie onderwysersopleidingsprogram in die buitengewone onderwys, in besonder die onderwys van swaksiendes, geput kan word, is die aangeleentheid van onderwysersopleiding vir hierdie kategorie van die buitengewone onderwys ook in enkele oorsese lande ondersoek. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die opleidingsprogram goed vergelyk met die oorsese situasie in die verband. Met die oog op verbetering van die opleidingsprogram - kwalitatief en kwantitatief - vir onderwysers in die buitengewone onderwys, kan dit by voorbaat reeds aanbeveel word dat die instansies wat hierdie opleidingsgeleenthede in die R.S.A. aanbied, dit nuttig mag vind om verdere ondersoek in te stel na die programme wat in die verband deur die Universiteit van Birmingham en die Universiteite van Wes-Duitsland aangebied word.